

Ontkenning—reëls

Reël 1

As dit 'n gewone sin is, gebruik ons altyd twee 'nie's'.

Die eerste 'nie' kom altyd na die eerste werkwoord en die tweede 'nie' kom aan die einde van die sin.

*Ek lees 'n boek > Ek lees **nie** 'n boek **nie**.*

Reël 2

As die eerste werkwoord direk gevolg word deur 'n voornaamwoord (pronoun/proper noun):

Die eerste 'nie' volg direk na die voornaamwoord en die tweede 'nie' kom aan die einde van die sin.

*Ek roep Carel oor die mikrofoon > Ek roep hom **nie** oor die mikrofoon **nie**.*

Reël 3

As 'n sin met 'n '?' eindig, begin ons die sin met 'NEE'.
Volg altyd die resep

Nee,  v1.....v2 nie.

Die volgende **voornaamwoorde** verander altyd as 'n sin met 'NEE', begin:

Julle > Ons
Jy > Ek
Ek > My
Jou > My

Weet jy van die ongeluk?
*Nee, ek **weet nie** van die ongeluk **nie**.*

Reël 4

Die volgende woorde verander na die negatief:

Iemand > Niemand
Êrens > Nêrens
Iets > Niks
Ooit > Nooit
Enige een > Geeneen
Moet > Moenie
Al > Nog nie

Die veranderde woorde is die eerste **NEGATIEF!**

*Is daar **iets** in die kas?
Nee, daar is **niks** in die kas **nie**.*



Ontkenning—reëls

<p>Reël 5</p>	<p>As 'n sin met 'n '!' eindig, begin ons die sin met 'MOENIE'.</p> <p>Gewoonlik begin die sin met 'n werkwoord. Die werkwoord skuif na die einde. Tweede 'nie' aan die einde van die sin.</p> <p>Maak die deur toe! Moenie die deur toe maak nie!</p>
<p>Reël 6</p>	<p>As daar 'ASSEBLIEF' in 'n sin is:</p> <p>Begin die sin met 'Moet asseblief nie'.</p> <p>Maak asseblief die deur oop. Moet asseblief nie die deur oopmaak nie.</p>
<p>Reël 7</p>	<p>Daar kan nie twee negatiewe (dubbel negatief) in een sin wees nie. As daar twee woorde in 'n sin is, wat na die negatief verander moet word, verander ons slegs die EERSTE woord.</p> <p>Alles / iets > niks nie. Almal / iemand > niemand nie. Altyd / ooit > nooit nie. Enige / een > geen nie Al > nog nie nie Nog > nie meer nie</p> <p>Het jy al <u>iets</u> gehoor? Nee, ek het nog nie <u>iets</u> gehoor nie.</p>
<p>Reël 8</p>	<p>As jy 'n sin na 'n VOEGWOORD in die negatief verander:</p> <p>Die 'nie' in die tweede sin kom na die voornaamwoord.</p> <p>Die atleet het sy enkel gebreek, dus kon hy nie verspring nie.</p>

Kopkrap



Ontkenning

Verander die volgende sinne in die negatief deur die reëls toe te pas:

Reël 1:

1. Die temperatuur styg in die winter.

2. Die broeisak aan die pa se pens bedek die eier.

3. Die kontinent Antarktika het twee seisoene.

Reël 2:

1. Die mannetjies hou hulle warm.

2. Ek gaan Antarktika verken.

3. Hulle klim Mount Peace vinnig uit.

Reël 3:

1. Is Antarktika die wêreld se grootste woestyn?

2. Kan 'n mens in die winter die pikkewyne sien?

3. Is die Vostok-meer onder die ys begrawe?

Reël 4:

1. Die pikkewyne kry êrens iets om te eet.

2. Enige een kan die bergpiek uitklim.

3. Keiserpikkewyne moet hulle hitte verloor.

Ontkenning**Reël 5:**

1. Bêre die boek oor die pikkewyne!

2. Eet gou al jou kos op!

3. Help my met die legkaart!

Reël 6:

1. Gaan skuif asseblief daardie tafel.

2. Gee asseblief jou boek vir die juffrou.

3. Los asseblief die kussing op die stoel.

Reël 7:

1. Daar is nog koekies in die blik.

2. Ek gaan alles vir jou gee.

3. Het jy al iets gehoor?

Reël 8:

1. Die wyfies is spekvet en gaan terug na die kolonie.

2. Hy slaap min, maar hy is siek.

3. Robbe jag pikkewyne, daarom bly hulle ver van Antarktika.

Kopkrap



**Memo:****Reël 1:**

1. Die temperatuur styg in die winter.

Die temperatuur styg nie in die winter nie.

2. Die broeisak aan die pa se pens bedek die eier.

Die broeisak aan die pa se pens bedek nie die eier nie.

3. Die kontinent Antarktika het twee seisoene.

Die kontinent Antarktika het nie twee seisoene nie.

Reël 2:

1. Die mannetjies hou hulle warm.

Die mannetjies hou hulle nie warm nie.

2. Ek gaan Antarktika verken.

Ek gaan Antarktika nie verken nie.

3. Hulle klim Mount Peace vinnig uit.

Hulle klim Mount Peace nie vinnig uit nie.

Reël 3:

1. Is Antarktika die wêreld se grootste woestyn?

Nee, Antarktika is nie die wêreld se grootste woestyn nie.

2. Kan 'n mens in die winter die pikkewyne sien?

Nee, 'n mens kan nie in die winter die pikkewyne sien nie.

3. Is die Vostok-meer onder die ys begrawe?

Nee, die Vostok-meer is nie onder die ys begrawe nie.

Reël 4:

1. Die pikkewyne kry êrens iets om te eet.

Die pikkewyne kry **nêrens** iets om te eet nie. (NIE: Die pikkewyne kry **nêrens niks** om te eet nie.)

2. Enige een kan die bergpiek uitklim.

Geeneen kan die bergpiek uitklim nie.

3. Keiserpikkewyne moet hulle hitte verloor.

Keiserpikkewyne **moenie** hulle hitte verloor nie.

**Memo:****Reël 5:**

1. Bêre die boek oor die pikkewyne!

Moenie die boek oor die pikkewyne bêre nie!

2. Eet gou al jou kos op!

Moenie gou al jou kos opeet nie!

3. Help my met die legkaart!

Moenie my help om die legkaart te bou nie!

Reël 6:

1. Gaan skuif asseblief daardie tafel.

Moet asseblief nie daardie tafel skuif nie.

2. Gee asseblief jou boek vir die juffrou.

Moet asseblief nie jou boek vir juffrou gee nie.

3. Los asseblief die kussing op die stoel.

Moet asseblief nie die kussing op die stoel los nie.

Reël 7:

1. Daar is nog koekies in die blik.

Daar is **nie meer** koekies in die blik **nie**.

2. Ek gaan alles vir jou gee.

Ek gaan **niks** vir jou gee **nie**.

3. Het jy al iets gehoor?

Nee, ek het nog **niks** gehoor nie.

Reël 8:

1. Die wyfies is spekvet en gaan terug na die kolonie.

Die wyfies is spekvet en gaan **nie** terug na die kolonie **nie**.

2. Hy slaap min, maar hy is siek.

Hy slaap min, maar hy is **nie** siek **nie**.

3. Robbe jag pikkewyne, daarom bly hulle ver van Antarktika.

Robbe jag pikkewyne, daarom bly hulle **nie** ver van Antarktika **nie**.